View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# LEWENS- EN WêRELDBESKOUING IN DIE TAGTIGERJARE

N. T. van der Merwe

Professor en hoof van die Departement Filosofie, PU vir CHO

## AKTUALITEIT

Jare lank was "lewens- en wêreldbeskouing" in geleerde kringe 'n verstote stiefkind, en onder druk van veral die Logiese Positivisme is hoogstens 'n "wetenskaplike wêreldbeskouing" nog oorweging werd geag. Dit geld ook van prakties al die wisselterme[1] vir lewens- en wêreldbeskouing - en die alternatiewe in verskillende tale - ,selfs vir "wêreldbeelde", want is ook dit nie te spekulatief, generaliserend en religiegebonde vir die smaak van die moderne gesekulariseerde Weste en in elk geval met 'n tikkie Romantiek omstraal nie? Moet dit nie maar liewer

[1] Kyk byvoorbeeld die opsomming op p.20 van M. MacNamara, "A theory of world pictures", in M. MacNamara, ed., *World views*, Pretoria, Van Schaik, 1980, p. 16-40. Hierdie bydrae tot die versamelwerk bevat ook 'n verhelderende skets van verskeie fasette van die problematiek. Tot die literatuur uit die kring van die Calvinistiese filosofie het veral H.G. Stoker oor 'n lang periode belangrike insigte toegevoeg; vgl. o.a. sy *Oorsprong en rigting*, I, Kaapstad, Tafelberg, 1967, hfst. 1 en 2. Uit die uitgebreide literatuur kan verder vermeld word B. Duvenage, *Roeping en wetenskap*, Potchefstroom, Bentoti, 1983, hfst. 2, p.12-22; A.F. Holmes, *Contours of a world view*, Grand Rapids, Eerdmans, 1983; B.J. van der Walt, *Horizon*, Potchefstroom, IRS (PU vir CHO), 1983 (1978), p.1-18; B.J. Walsh & J.R. Middleton, *The transforming vision. Shaping a Christian world view*, Downers Grove, Intervarsity Press, 1984 en onlangs aangekondig A.N. Wolters, *Creation regained: Biblical basics for a reformational worldview*, Toronto, Institute for Christian Studies, 1985.

om verleentheid te voorkom in 'n bergkassie van die Etiek buite sig gehou word nie?

Die merkwaardige is egter dat daar die afgelope dekades 'n kentering sigbaar geword het. Die tema "lewens- en wêreldbeskouing" en sterker nog "wêreldbeelde" begin weer op breër skaal aandag kry; meer nog, dit trek nie slegs belangstelling nie, dit oefen ook in bepaalde kontekste duidelike praktiese invloed uit - selfs waar dit nie tot 'n (politieke) ideologie[2] ontaard het nie.

Dit is daarom van meer as akademiese belang om aan hierdie onderwerp ook vanuit Reformatories-Christelike perspektief aandag te gee. Die departement Filosofie het gevolglik met verwagting en vreugde die "Stokerlesings 1984" aan fasette van die tema "wêreldbeelde" gewy en bied 'n deel van hierdie simposium hiermee as "Perspektiefnommer" aan die lesers van *Koers* aan, weer eens met waardering vir die hartlike samewerking met die *Koers*-redaksie.

VERSKEIDENHEID

In sy *The Puritans in Africa* het W.A. de Klerk met merkwaardige voorbeelde die verreikende inslag van die Calvinisme in ons vaderland geskets - of miskien noukeuriger geformuleer: van 'n bepaalde vormgewing van Calvinisme, en dit uiteraard vanuit sy besondere raamwerk. Die Calvinisme is natuurlik nie die enigste lewens- en wêreldbeskouing nie; onder die sambreel van lewens- en wêreldbeskouing kan 'n groot verskeidenheid geïdentifiseer word. Wat die Protestantse loot betref, is die Lutherse en Anglikaanse variasies nog steeds onderskeidend uniek. Elk toon tewens interessante ontwikkelingstendense. Dít is ook waar van die Rooms-Katolisisme, wat

[2] Verskillende fasette van ideologie - ook lewensbeskoulike faktore - kom aan die orde in die versamelwerk *Ideologiese stryd in Suider-Afrika. Vlug vir die afgode!*, Potchefstroom, IRS (PU vir CHO), 1984.

onder invloed van die sg. "théologie nouvelle" belangrike aksentverskille laat onstaan het.

Miskien in mindere mate is dit die geval met Oosterse vorme, wat nieteenstaande nuanseringe in interpretasietradisies tog oor baie eeue 'n konstante kern behou het. Dink maar aan die lang geskiedenis van die Confucianisme, Taoïsme, Buddhisme, Mohammedanisme en selfs tot sekere hoogte die Judaïsme, wat ook in die Sionistiese ideaal nog sterk tradisionele ankers behou en eerbiedig.

En van tradisionele ankers gepraat, die tradisionele lewensvisie van Afrika, momenteel by voorkeur as "primaal" getipeer, trek toenemend aandag in die huidige literatuur[3]. Die sg. Afrikasosialisme is tewens ook

[3] 'n Interessante vergelyking bied B.J. van der Walt in sy bydrae tot Kontak en kommunikasie, Potchefstroom, IRS (PU vir CHO), 1978 (1976), p.1-38, naamlik "Bantoedenke in vergelyking met die Westerse denke"; vgl. ook sy "A comparison between Bantu and Western thought. Outline for an exploratory discussion" in sy Horizon, Potchefstroom, IRS (PU vir CHO), 1983 (1978), p.19-49 (met literatuurverwysings) en "The Gospel as a liberating power in the traditionally closed static culture of the Black Peoples of Africa", ibid., p.50-78. Kyk ook H. van der Walt "Bantoefilosofie? Enkele opmerkings" in Kontak en kommunikasie, p.39-58. Belangrike uiteensettings sluit verder in: A.K. Busia, "African world view", Presence africaine, 1965, 4:16-23; M. Kraft, World view and the communication of the Gospel. A Nigerian case study, Pasadena (California), William Carey Library, 1978; J.S. Mbiti, African religions and philosophy, London, Heinemann, 1969; E.A. Ruch & K.C. Anyanwu, African philosophy; an introduction to the main philosophical trends in contemporary Africa, Rome, Catholic Book Agency, 1981; P. Tempel, Bantu philosophy, Paris, Collection Présence Africaine, 1953; J.A. van Rooy, The traditional world view of Black People in Southern Africa, Potchefstroom, PU vir CHO, IBC-Studiestuk nr. 130, Sept. 1978; J.E. Wiredu, Philosophy and an African culture, Cambridge, University Press, 1980, en R.A.

'n sterk vlaag in die winde wat oor Afrika waai*. Wat die Westerse Humanisme betref, het verskeie nuanseringe sterk ideologiese trekke ontwikkel. Dit maak die Liberalisme, Sosialisme, Kommunisme en Marxisme, Anarchisme en Materialisme nie minder belangrik nie.

Ons beweeg in die twintigste eeu na 'n wêreldgemeenskap toe, 'n "global village", soos McLuhan dit genoem het. Maar ewe opvallend is die ontstaan van lewensbeskoulike mengvorme van "revolusionêre Christenteoloogaktiviste" en "Marxiste-in-gesprek-met-die-Christendom" tot Westerse Buddhisme toe. 'n Merkwaardige voorbeeld van laasgenoemde kom aan die lig in die literêre analise van Breyten Breytenbach deur D.H. Steenberg. 'n Interessante verskynsel in Afrika is die stempel wat die akkulturasieproses op die tradisionele lewensvisie van die Swartman van Afrika afdruk, enersyds, en die verbasende tempo waarmee onafhanklike inheemse kerkgroepe groei en hulle lewensstyl daarin vestig. G.C. Oosthuizen bied hiervan in sy bydrae oor die moderne wêreldbeeld 'n boeiende skets.

KENMERKE EN FUNKSIE

Wright, ed, *African philosophy. An introduction*, Washington, University of America Press, 1979 (met belangrike bibliografie, p.222-252).

* 'n Insiggewende artikel is dié van P.J.J.S. Potgieter "Afrika-Sosialisme met spesifieke verwysing na die beskouing van Leopold Senghor" in *Kontak en kommunikasie*, Potchefstroom, IRS (PU vir CHO), 1978 (1976), p.71-88. Ek verwys ook graag na drie uiteenlopende bydraes waarop my kollega B.J. van der Walt my aandag gevestig het, naamlik S.R. Motshologane, "African Socialism: an overview of its genesis and purpose", in K. Nürnberger, ed., *Ideologies of change in South Africa and the power of the Gospel(Capitalism-Socialism-Marxism)*, Durban, Lutheran Publishing House, 1979, p.223-231, O. Hirmer, *Marx-Money-Christ*, Gweru, Mambo Press, 1982, p.78-87 en T.K. Kandeke, *Fundamentals of Zambian Humanism*, Lusaka, Neczam, 1977.

Dít is begryplik as 'n mens dink aan die funksie en rol van 'n lewens- en wêreldbeskouing, want dié is nie slegs oriënterend en rigtinggewend nie maar bied ook ankers en verryk die lewe met 'n totaalvisie of in elk geval 'n breër perspektief, wat tot doelgerigte aksie oor 'n wyer front stimuleer. So is byvoorbeeld die maatskaplike betrokkenheid van sowel die Calvinisme as Rooms-Katolisisme in belangrike mate uit lewens- en wêreldbeskoulike faktore verklaarbaar.

Deur toepassing van algemene beginsels, 'n "goue reël" eerder as noukeurige stapsgewyse voorskrifte en reëls, gee 'n lewens- en wêreldbeskouing aanleiding tot uitkenbare gedrag, 'n bepaalde lewenswandel en lewenstyl waarin die innige verbondenheid van die hart aan laaste aannames meetril en die innerlike oortuiging, denke en daad aan 'n emosionele basisinstelling bind. Toets maar op watter punt iemand opgewonde raak, homself bedreig toon, gevoeligheid oor 'n mening of optrede laat blyk of behoefte het om 'n bepaalde lewenspatroon te regverdig, en jy is naby ondergrondse lewens- en wêreldbeskoulike wortels, aan daardie innerlike oortuiging wat wel logiese rasionalisering oproep en tot bepaalde hoogte verwoord kan word maar ten diepste 'n emosionele intensie verraai. Dit verklaar waarom iemand sonder om in elke geval 'n toepasbare reël beskikbaar te hê A wel doen maar nie B nie - 'n handelwyse wat veel dieper boor as 'n kwessie van fatsoenlikheid. Dit gaan immers in 'n lewens- en wêreldbeskouing ten slotte om waarheid, om die greep op waarheid, hoe dit ook beleef mag word. Dít is die dinamo, die motief van 'n lewens- en wêreldbeskouing. Geen wonder dat Calviniste vanuit 'n diep eerbied vir die algemene beginsel dat "jou ja ja en nee nee" behoort te wees in die verlede meer as eens gewetenskwellinge ervaar het wanneer hulle inligting - 'n "letterlike waarheid" - van die vyand moes weerhou. 'n Mooi voorbeeld is ook die konkretisering van "die naaste" vanuit die algemene beginsel van Christelike liefde. Die liefdesgebod is universeel, noem geen uitsonderings nie en spesifiseer geen spesifieke gevalle nie maar verg 'n individualiserende betrokkenheid en toepassing wat vanuit 'n totale lewensinstelling gevoed en gerig word.

'n Lewensvisie bied individuele gemoedsrus en intellektuele bevrediging. Maar dit is ook kommunaal invloedryk en verrig 'n belangrike

kontrolefunksie in die samelewing. So 'n kontrolefunksie was byvoorbeeld die verset in Afrikanergeledere teen wettiging van dobbel, prostitusie en ander maatskaplike euwels. Hierdie uitvloeisel van 'n lewens- en wêreldbeskouing raak uiteraard die samehang daarvan met die kultuur van die omgewing en tyd. Die intense tussenkulturele beeïnvloeding op wêreldskaal stel die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner momenteel voor ongekende uitdagings en spanninge. Die samehang met kultuur is egter universeel, wêreldwyd. 'n Pragtige voorbeeld hiervan in Engelse milieu is die skets van Fynn: Mr. God, this is Anna.

Dit is nie eenvoudig om die algemene trekke van 'n lewens- en wêreldbeskouing te distilleer nie. Wat nietemin verder opval, is dat 'n lewens- en wêreldbeskouing, naamlik dié van die man op straat en nie dié van die filosoof agter sy lessenaar nie, hoewel dit nie eksplisiet doelbewus gesistematiseer is nie, nogtans integrasie en samehang toon en as 'n intellektuele raamwerk 'n merkwaardige mate van konsistensie behels. Daarom dat dit in groot lyne logies verstaanbaar (rasioneel!) is en in tipiese terme kenmerkende linguale formuleringe meebring. Dit is moontlik omdat 'n lewens- en wêreldbeskouing op enkele kerngedagtes of basiese insigte en beginsels gebaseer is. 'n Lewens- en wêreldbeskouing is ook, hoewel algemeen opinievormend en stabiliserend, nietemin dinamies en verraai 'n uitkenbare aroma, 'n spesifieke sfeer en konteks.

INHOUD

Daar is 'n wyd verbreide opvatting dat 'n lewens- en wêreldbeskouing oor God, mens en wêreld handel. As 'n mens egter gaan kyk hoe 'n lewens- en wêreldbeskouing in die praktyk funksioneer, blyk daar goeie rede om die inhoud van 'n lewens- en wêreldbeskouing kortliks soos volg weer te gee: 'n Godsidee, 'n opvatting oor die sin (of onsin) van die bestaan en ten derde 'n siening van mens en wêreld; dus 'n bepaalde aanname oor die oorsprong en bestaan van die heelal, 'n waarde- en normsisteem en 'n skeppingsidee met as swaartepunt die plek en rol van die mens in die skepping. Ook die nie-akademiese literatuur beskryf soms aanskoulik die drie fasette van bostaande kategorisering.

HUIDIGE TOESTAND

Die moderne wêreld, en die mens van die moderne wêreld, jaag voort asof God nie bestaan nie[5]. So het die gelowige 'n eensame figuur geword in 'n "mondige" wêreld wat God verloor het, ja - soos Nietzsche helder gesien het - God uit die bewussyn verdring het. Die gevolg is dat in die hedendaagse lewens- en wêreldbeskouing die klem op mens en wêreld val en die sin van die bestaan uit die konkrete situasie of historiese omstandighede van die skepsel afgelei word. Dit loop ten slotte uit op 'n relativering van norme en 'n subjektivering van waarheid. Meer nog: in filosofiese kleed gehul val mens en wêreld saam, ten diepste saam, want die wêreld word menslik, byvoorbeeld as menslike horison. Die konsekwensie is ingrypend, soos Martin Heidegger so knap gesien het: dan moet die syn ook onthul, openbaar, lig verskaf. Die skepping word vol innerlike goddelike potensiaal.

Die gesofistikeerde, deur refleksie verworwe wêreldbeeld van filosowe is belangrik en die kaleidoskoop deur die eeue fassinerend. Ruimteonthalwe

[5] Kyk die voordrag van G.C. Oosthuizen. 'n Klassieke skets is die bydrae van H.W. Rossouw, "Die mens in die moderne wêreld" in *Die mens en die moderne wêreld* (Referate gelewer by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Julie 1971 op Potchefstroom), Kaapstad, Tafelberg, 1972, p.17-31. Mooi flitse ook in sy *Die sin van die lewe*, Kaapstad, Tafelberg, 1981. 'n Pragtige oriëntering oor die aspirasies van die mondige mens en die konsekwensies daarvan bied H. van Riessen in sy *Mondigheid en de Machten*, Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1971. 'n Enigsins ander model as dié van Rossouw, met toespitsing op die moderne werklikheidsbeeld asook belangrike literatuurverwysings, hanteer J.S. Oosthuizen in sy proefskrif *Van Plotinus tot Teilhard de Chardin. 'n Studie oor die metamorfose van die Westerse werklikheidsbeeld*, Amsterdam, Rodopi, 1974, hfst. 4. Wat die vroeëre ontwikkeling betref, bly A. Koestler se *The Sleepwalkers. A history of man's changing vision of the universe*, Harmondsworth, Penguin, 1973 (1959) nog steeds 'n lesenswaardige oorsig. Oor die huidige ontwikkeling kyk F.E. Wier, *The Christian views science*, Nashville & New York, Abingdon Press, 1969, p.143-188.

moet ons dit daar laat en meteen by die bogenoemde problematiek van Heidegger aansluit. Heidegger het gelyk: die wêreld, ook die mens, kan nie finaal swyg nie. Openbaring is 'n sleutel maar 'n sleutel wat reg gebruik moet word: skeppingsmatige onthulling en goddelike openbaring is nie identies nie. Vandaar die behoefte om te verken watter lig die Woord van God op lewens- en wêreldbeskouing bied - en so ook op wêreldbeelde met hulle tyd-ruimtelike dimensies. Vanuit 'n Reformatories-Christelike hermeneutiek-in-gesprek met-relevante-literatuur bied E.J. Smit en J.C. Coetzee hierop belangrike perspektiewe vanuit die Ou Testament en Nuwe Testament respektiewelik.

TOEKOMSTAAK

Die taak vir die toekoms hou myns insiens veral in

1. 'n filosofiese deurdenking van die riglyne uit die Woord van God vir die filosofiese debat oor spesiaal wêreldbeelde en die vakwetenskaplike detailprobleme daaraan verbonde;

2. 'n besinning oor kriteria vir die beoordeling en vergelyking van lewens- en wêreldbeskouings, hulle waarheidsmomente en ontsporinge en

3. 'n kritiese evaluering by die lig van Gods Woord van vryheid en verslawing (ideologisering) vir sover dit inherent is nie bloot aan lewens- en wêreldbeskouings in die algemeen nie maar spesifiek ook aan 'n Reformatories-Christelike lewens- en wêreldbeskoung. Dit is nodig omdat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing 'n goddelike aandrif het maar 'n (feilbare) menslike uitwerking (vertolking en toepassing). En dit is belangrik, want die vryheidsidee is 'n belangrike determinant ook van die sin van die geskiedenis - die weg van die mensheid na die wederkoms van die Here, aan wie alle mag in hemel en op aarde gegee is. Binne hierdie perspektief word duidelik wat ons roeping en opdrag as mense is: diensknegte van die Koning, 'n lig op 'n berg en sout van die aarde, getuies van 'n blye boodskap, sinvol en daarom hoopgewend, en geroepenes om die

skepping kultureel te ontsluit (te bewerk) en koesterend te versorg (te bewaak).